| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE AFDELINGS**:

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A**: | Leesbegrip | (30) |
| **AFDELING B**: | Opsomming | (10) |
| **AFDELING C**: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin **ELKE** afdeling op ’n **NUWE** bladsy.
4. Trek ’n streep ná elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord soos dit op die vraestel genommer is.
6. Laat ’n reël oop ná elke antwoord.
7. Skenk deeglike aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| **AFDELING A**: | 50 minute |
| **AFDELING B**: | 30 minute |
| **AFDELING C**: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die volgende tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

# Hoe gemaak as jou tiener damprook?

1. Waar daar deesdae ’n rokie naby ’n tiener trek, is daar waarskynlik ’n e-sigaret in die omgewing. Dié gewoonte raak ál hoe gewilder onder tieners, maar wat kan (of moet) ouers daaraan doen?

2. Helder kleure, ’n verskeidenheid eksotiese geure, toertjies wat met die uitblaas van die rook gedoen kan word – én stres en angs is van die faktore wat kinders van so jonk as agt jaar oud lok om ’n e-sigaret nader te trek. En waarom nie? Dit is tog “95% veiliger as tabak”.

3. Volgens ’n onlangse studie deur die Universiteit van Kaapstad (UK) se Longinstituut rook 25% van Suid-Afrikaanse hoërskoolleerlinge e-sigarette – en dit is net dié wat dit openlik erken. In Amerika toon die nuutste navorsing ’n toename in die gewildheid daarvan onder veral jonger kinders, terwyl tieners daar meer bewus word van die nadele van e-sigarette. Die UK se navorsing toon ook dat veel meer hoërskoolleerlinge deesdae damprook as leerlinge wat in die verlede tabakprodukte gerook het. Alles wat ingeasem word, behalwe suurstof, beskadig nie net jou longe en hart nie, dit benadeel ook jou brein en het ’n groot uitwerking op jou geestesgesteldheid en konsentrasievermoë – en daarom, spesifiek in die geval van kinders, op hul prestasie op skool.

4. Dr. Anusha Lachman, van die Tygerberg-hospitaal in Kaapstad, sê enige soort dwelmgebruik by adolessente, oftewel tieners, (ongeag die modus – dit wil sê of dit gesnuif, gerook, gedamp, ingeasem of gesluk word) – spesifiek in die geval van leerlinge en hulle prestasies, is problematies en verhoog die risiko van kwesbaarheid in die ontwikkelende brein.

5. Lachman sê langdurige gebruik van enige middel wat die potensiaal het om “beloningspaaie” in die brein te skep, kan lei tot ’n afhanklikheid waar die tiener meer van die stof nodig het om dieselfde aanvanklike gevoel te verkry. Lachman meen die verslawing aan e-sigarette kan as ’n intreemiddel tot meer onwettige dwelms gesien word, aangesien die verbruiker later nie meer dieselfde beloning ervaar as wat oorspronklik deur damprook verkry is nie.

6. Om sake te vererger, het Suid-Afrika tans geen wetgewing met betrekking tot e-sigarette nie. Dit word daaraan toegeskryf dat die e-sigaretbedryf nie by enige van die bestaande wetgewing inpas nie. Dit is nie ’n tabakproduk nie, dit is nie medisyne nie en ook nie ’n gesondheidsproduk nie. Die Departement van

Onderwys en ook skole kan egter self optree en regulasies instel wat bepaal dat leerlinge nie by die skool mag rook, drink of damprook nie.

7. Skole kan dit reguleer, maar dit is nie onwettig vir ’n minderjarige om e-sigaretprodukte te koop nie. Jy kan dit by die winkel op die hoek van die straat koop of by jou gunsteling aanlynwinkel bestel.

8. Daar word reeds die afgelope agt jaar in die parlement gestoei oor dié wetgewing. Dit is egter nie uniek aan Suid-Afrika nie. In die res van die wêreld word daar ook arm gedruk oor hoe dié produk gereguleer moet word.

9. Tieners is kennelik aangetrokke tot e-sigarettoestelle en die meegaande geurmiddels. Vir baie van die bloedjong gebruikers is dit ’n sosiale neiging en hulle glo dit help om stres en angs te verlig. Boonop laat die uitwerking van nikotien op dopamien jou goed voel.

10. Volgens ’n Australiese studie teiken die e-sigaretbedryf, gerugsteun deur groot tabakmaatskappye, doelbewus minderjariges. Die navorsing het twee afsonderlike studies ingesluit wat op TikTok en Instagram gefokus het. Daar is gevind dat e-sigaretkleinhandelaars hoofsaaklik TikTok en Instagram gebruik om jongmense te teiken omdat dié groep baie van hul aanlyntyd op dié platforms deurbring.

11. ’n Jong persoon of “smaakmaker” word betaal om damprook ringe op sy TikTok-bladsy te blaas. Só word die produk nieamptelik geadverteer en is dit baie moeilik om die produk te reguleer. Ouers is oningelig oor die nadele en werklike uitwerking van damprook op hul kinders. Sommige koop e-sigarette vir kinders vir hul 16de verjaarsdag. Ouers staar hulle blind teen bemarking wat beweer dat damprook veiliger as tabak is. Hulle dink dit is mos nie rook nie, dit is net damprook.

12. Daar is geen rede waarom minderjariges verslaaf of afhanklik van middels hoef te bly nie, meen Lachman. “Die brein het die potensiaal om te herstel en om nuwe aanpassingsmeganismes aan te leer, gegewe die ontwikkelingsfase. Daar is baie bewysgegronde programme beskikbaar, insluitend sielkundig gegronde ingrypings soos motiverende onderhoudvoering, kognitiewe gedragsterapie, gegronde benaderings en individueel geteikende programme vir sowel skadevermindering as groep-ondersteuning.”

13. Ouers kan ook begin deur hulself op te voed sodat hulle weet waarvan hulle praat wanneer hulle met kinders oor hierdie onderwerp in gesprek tree. “Wat is jou ervaring hiermee?” en “Wat is die geure?” kan as aanknopingspunte dien vir ’n gesprek waarin jy kan uitvind wat jou kind weet (of dink hy weet) oor die produk wat hy gebruik. So ’n vertrekpunt, in plaas van ’n prontuit veroordeling, kan ’n geleentheid skep vir ’n konstruktiewe en opvoedkundige gesprek.

*[Bron verwerk uit: Beeld, 2 Desember 2023]*


## TEKS B: VISUELE TEKSTE

## TEKS 1




*[Bron verwerk uit: https://www.bing.com/images/search]*

## TEKS 2




*[Bron verwerk uit: https://www.bing.com/images/search]*

## VRAE: TEKS A

1.1 Waarvan is ’n rokie naby ’n tiener moontlik ’n teken? (1)

1.2 Stres en angs is die enigste faktore wat tieners na e-sigarette laat gryp. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (2)

1.3 Is dit ’n FEIT of ’n MENING dat net 25% van Suid-Afrikaanse hoërskoolleerlinge e-sigarette rook? Motiveer jou antwoord. (1)

1.4 Wat is die verskil tussen jong kinders en tieners in Amerika met betrekking tot damprook? (1)

1.5 Watter nadelige uitwerking het sigaret- en damprook, behalwe die hart en longe, op ’n individu? (3)

1.6 Verwys na paragraaf 5.

1.6.1 Wat bedoel dr. Lachman met “beloningspaaie” wat in die brein geskep word? (1)

1.6.2 Wat is die gevolg van hierdie sogenaamde “beloningspaaie” en waarom? (2)

1.7 Waarom het Suid-Afrika geen beleid ten opsigte van e-sigarette nie? (3)

1.8 Watter taak rus daar op die skouers van skole wanneer e-sigarette ter sprake kom? (1)

1.9 Herlees paragrawe 8 en 9 en voltooi die volgende sinne deur van soeklees gebruik te maak:

Jong kinders kry maklik e-sigarette in die hande, omdat dit nie (1.9.1) ... is om dit te rook nie en e-sigarette kan maklik bekom word deur dit te (1.9.2) .... (2)

1.10 1.10.1 Op watter wyse teiken sigaretmaatskappye jong mense om sigaret-produkte aan te skaf? (1)

1.10.2 Waarom dink jy so? (1)

1.11 Is dit waar dat alle kinders e-sigarette van hulle ouers ontvang? Motiveer jou antwoord. (1)

1.12 Skryf ’n woord in paragraaf 12 neer wat aandui dat die brein ’n besondere vermoë het om nie aan negatiewe invloede “toe te gee” nie. (1)

1.13 Dui die kontras in die laaste sin van paragraaf 13 aan. (1)

1.14 Damprook jy? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**VRAE: TEKS B**

1.15 Stem jy saam met die meisie in TEKS 1 dat niemand haar twee vriende gaan herken nie? Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 1.16.1 Waaruit kan jy in TEKS 2 aflei dat damprook 'n nadelige uitwerking op die karakters het? (1)

1.16.2 Hoe slaag die spotprentkunstenaar daarin om jou antwoord in VRAAG 1.16.1 te staaf? (1)

1.17 Die visuele uitbeelding van damprook in die twee tekste is funksioneel. Waarom stem jy met hierdie stelling saam? (1)

1.18 Waarheen, dink jy, is die drie karakters in TEKS 1 op pad? Motiveer jou antwoord deur 'n visuele beeld neer te skryf. (2)

**VRAAG: TEKS A EN B**

1.19 Herlees paragraaf 2 (TEKS A). Met watter gepaste woord in paragraaf 2 kan die drie karakters in TEKS 2 se damprook verband hou? (1)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

© SACAI KOPIEREG

Blaai asb. om

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **sewe wenke hoe om elektrisiteit te bespaar.**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.
5. Maak seker dat jy jou beplanning doodtrek.

### TEKS C

# Hoe om elektrisiteit te bespaar

1. Om minder elektrisiteit te gebruik beteken nie net dat jy minder gaan betaal nie, maar ook dat jy meer doen vir die omgewing. Maar hoe kan ons elektrisiteit bespaar deur die ligte bedags onnodig aan te skakel om in ’n meer verligte vertrek te werk?

2. ’n Vuil en deurmekaar vertrek lyk altyd donkerder. Spring dadelik in en maak bietjie aan die kant om dinge op te helder. Jy sal verbaas wees hoe oop en lig daardie kombuis (en sitkamer en badkamer) gaan lyk sodra dit bietjie skoner is. As jy verf, werk met meer ligte kleure. Sagte kleure soos wit, room en grys maak ’n groot verskil, aangesien dit ’n vertrek ligter laat lyk. Terselfdertyd verseker ligte skakerings ook dat jou huis minder hitte trek, wat ook die behoefte aan konstante lugversorging verminder. Daar is nog ander maniere om ’n vertrek ligter te laat lyk sonder om die ligte aan te skakel. Deur meer natuurlike beligting soos baie groot vensters, glasmure en -deure te laat installeer, help dit beslis om ’n vertrek ligter te laat lyk en minder elektrisiteit deur die dag te gebruik.

3. Het jy al aan spieëls gedink? ’n Spieël verdubbel alles wat hy “sien”, wat beteken ’n vertrek gaan groter en ligter lyk as wat dit is. Probeer spieëls naby jou ingangareas plaas om meer lig in jou vertrek te geniet. Die gebruik van sagter beligting (“*dimmers*”) help nie net om minder elektrisiteit te gebruik nie, maar kan ook ’n vertrek se atmosfeer aansienlik verander, van lig en sag tot romanties. Moet net nie vergeet om hulle heeltemal af te skakel wanneer jy gaan slaap nie!

4. Maak seker jou ligte verlig die korrekte areas in jou huis, soos bv. donker hoekies en werkspasies in jou kombuis en studeerkamer. Dit sal help dat jy nie onnodig ligte aanskakel nie en dat jy in ’n verligte vertrek werk.

5. Moenie vergeet nie! Elektrisiteit is duur.

*[Bron aangepas uit: www.homify.co.za 15 September 2015]*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

### TEKS D



## STUUR JOU BESTE REIS- EN NATUURFOTO'S VIR ONS!

**HOEKOM?** Ons plaas in elke uitgawe 'n keur van lesersfoto's. Stuur elke maand jou drie beste foto's vir ons. Toe, moenie skaam wees nie!

**WAT**? Ons plaas omtrent enigiets: natuurlewe, landskappe, portrette, vakansiefoto's of goggas en blomme in jou tuin.

**HOE**? Stuur jou beste foto's na **menselense@weg.co.za**. Moenie lêers stuur wat groter as 4MB is nie – as ons 'n groter weergawe soek, sal ons daarvoor vra. Verskaf die fotograaf se naam, van, tuisdorp en kontaknommer. Stuur ook inligting oor waar en hoe die foto geneem is en watter toerusting gebruik is. As jy die foto op enige manier "gedokter" het, vertel ons wat jy gedoen het.

**DIE FYNSKRIF:** Ons behou die reg voor om jou foto's elders in die tydskrif, op ons webblad of in bemarkingsmateriaal te gebruik. Lees die bepalings en voorwaardes by **weg.co.za**.

Volg *WEG!* op Instagram@MENSELENSE – merk jou foto's #menselense en ons plaas dit dalk daar! Ons sustertydskrif *Go*! is @GOMAGSA

Ywerig om jou fotografiekennis te verbreed? Gaan na **neembeterfotos.weg.co.za** vir ons gewilde aanlynfotokursus. Dit kos R950 eenmalig.




Enige fotograaf wat sy/haar sout werd is, sorg dat sy/haar toerusting beskerm word. Jy kan jou kamera en lense veilig in hierdie sak van seil met 'n sagte binnevoering hou. EEN gelukkige *Weg*-leser kan in die volgende uitgawe só 'n sak wen. Ons kies die wenner, wat dan in "Mense se Lense" gepubliseer word.

*[Bron verwerk uit: Weg! Apr. – Mei 2023]*

3.1 3.1.1 Watter leser of lesers sal heel waarskynlik op hierdie advertensie reageer? (1)

3.1.2 Wat het die ontwerper van die advertensie gedoen om seker te maak dat dit die betrokke leser of lesers se aandag trek? (1)

3.2 Dink jy daar is enigsins ’n verband tussen die woorde en die simbole in die advertensie? Motiveer jou antwoord. (1)

3.3 Skryf TWEE voorbeelde van oorreding neer wat in die advertensie voorkom. (2)

3.4 3.4.1 Op watter voorwaarde mag jy ’n gemanipuleerde foto vir ’n kompetisie inskryf? (1)

3.4.2 Waarom kan jy nie aan *Weg!* voorskryf waar jy jou foto geplaas wil hê nie? (1)

3.5 Dink jy dit is nodig dat daar ’n koppelteken ná die woord “REIS” in die titel moet wees? Motiveer jou antwoord. (1)

3.6 Wat impliseer die onderstreepte sinsdeel in die advertensie? (1)

3.7 Skryf ’n voorbeeld van ’n diftong in die tweede sin van die laaste paragraaf in die advertensie neer. (1)

**[10]**

**EN**

## VRAAG 4: STROKIESPRENTE

Bestudeer die TWEE strokiesprente (**STROKIESPRENT A** en **STROKIESPRENT B**) hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### STROKIESPRENT A




*[Bron: https://www.bing.com/images/search?]*

### STROKIESPRENT B




*[Bron: Die Burger op 29 Maart 2019]*

4.1 4.1.1 Waarom, dink jy, sal die karakter in STROKIESPRENT A nie by die skoolleerlinge in STROKIESPRENT B inpas nie? Motiveer jou antwoord. (1)

4.1.2 Wat is die verskil in die gemoedstoestand van die karakter in VRAAG 4.1.1 en die dogters in STROKIESPRENT B? (1)

4.2 Waarvan word mnr. Pieterse beskuldig? (2)

4.3 Noem TWEE maniere waarop die spotprentkunstenaar daarin slaag om beweging op die skoolterrein aan te dui. (2)

4.4 Waarom word die woord "syfergeletterdheid" as een woord en nie twee woorde gespel nie? (1)

4.5 Noem TWEE bewyse dat daar met sekerheid aanvaar kan word dat die dissipline by die skool onder beheer is en dat die kinders gelukkig is. (2)

4.6 Gebruik die homofoon van die woord "graad" in 'n verduidelikende sin. (1)

**[10]**

## VRAAG 5: PROSA

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

# WIE IS SOLIDARITEIT?

1. Solidariteit is jou bondgenoot – as't ware jou ouer in die werkplek – die een wat sy lede teen uitbuiting in die werkplek beskerm en hulle gedurende hulle hele loopbaanpad bystaan.
2. Dié bondgenoot se sukses lê in 'n totale netwerk van werk – in kort, 'n Solidariteit NetWerk. Dit is verskillende werkinstellings wat Solidariteit die afgelope 20 jaar gebou het wat aan mekaar gekoppel is om die totale werkspad met 'n lid te stap.
3. Solidariteit bied tans 'n betroubare diens aan nagenoeg 200 000 lede in alle beroepsvelde, kollektief en proffessioneel, en het die passie en kennis om na die belange van sy lede om te sien en te verseker dat hulle regte in die werkplek beskerm word.
4. Daar is meer as 20 kantore landwyd wat honderde duisende lede bedien. Met bystand net om die draai wil Solidariteit sy lede en die gemeenskap toerus om sterker in die nuwe wêreld van werk te wees.
5. Solidariteit verseker regverdigheid deur as waghond vir elke betrokke beroep se belange op te tree. Jy sal teen ongegronde en onregmatige wetswysigings of statutêre liggame beskerm word, maar ook bemagtig word om self verantwoordelikheid te neem om mekaar te help.

*[Verwerk uit: Solidariteit – Search (bing.com)]*

5.1 Skryf 'n woord in paragraaf 1 neer wat 'n voorbeeld van ontronding kan wees. (1)

5.2 Skryf die verkorting "as't" in paragraaf 1 in woorde. (1)

5.3 5.3.1 Wat word die gedeelte tussen die twee aandagstrepe in paragraaf 1 genoem? (1)

5.3.2 Wat is die funksie van hierdie gedeelte? (1)

5.4 Het die "s"-klank in die onderstreepte woord in paragraaf 2 enige funksie? Motiveer jou antwoord. (1)

5.5 Verbeter die spelling van die woord wat in paragraaf 3 verkeerd gespel is. (1)

5.6 5.6.1 Skryf die antoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 4 neer. (1)

5.6.2 Skryf die oortreffende trap van die antwoord in VRAAG 5.6.1 neer. (1)

5.7 5.7.1 Vorm ’n selfstandige naamwoord van die onderstreepte woord in paragraaf 5. (1)

5.7.2 Wat is die funksie van die voorvoegsel “be” in die woord beskerm? (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**

© SACAI KOPIEREG